# Preekstudie: Kolossense 1:1-14

Druk afdeling

## *Teks*

Die eerste hoofstuk van Kolossense is propvol verkondigingsmomente. Afhangend van hoe die perikoop ingedeel word, is verskeie fokusse moontlik. In die leesrooster word hierdie hoofstuk drie keer voorgestel. Vers 11-20 word aangedui as teks vir Christus die Koning Sondag aan die einde van die kerkjaar, terwyl vers 1-14 en 15-28 tydens opeenvolgende Sondae in Koninkrykstyd voorgestel word.

Die teksafbakening van Kolossense 1 is geen eenvoudige saak nie. Soos in die boonste paragraaf aangedui, sny die keuse van vers 11-20 vir Christus die Koning Sondag die einde van vers 1-14 en die grootste deel van vers 15-28 aan. Vir ons studie is die fokus op die eerste 14 verse, maar kan nie van die groter verbande losgemaak word nie.

In ’n tipiese (Pauliniese) briefaanhef vind ons ’n verwysing na die senders en die ontvangers van die brief. Paulus en Timoteus word as medeskrywers aangegee terwyl die teiken die heilige mense van God in Kolosse is. Sonder om te diep te delf, kan aangevoer word dat daar geen finale woord oor die outeurskap is nie. Navorsers is verdeeld oor die outeurskap. In die onlangse verlede bied Michael Bird in sy kommentaar ’n goeie oorsig oor die stand van sake. Dit word hier aanvaar dat of Paulus geskryf het of nie, van minder belang is as die inhoud wat geskryf is. Die teks in sy huidige vorm as deel van die kanon het betekenis ongeag wie dit geskryf het.

Ook oor die adres van die brief word baie geskryf en geredeneer. In die huidige Turkye is die antieke stad Kolosse diep onder vrugbare grond begrawe waar boere hulle oeste verbou. Baie geringe argeologiese werk is daar gedoen. Alles wat reeds oor die destydse geloofsgemeenskap geskryf en aanvaar is, kan oornag verander as argeologiese werk daar sou begin. Voordat die agtergrond bespreek word, loer ons eers na die teks in sy huidige vorm.

Tekskrities is daar nie groot dispute nie. Benewens ’n wisselvorm “Kolosse/Kolasse”, die moontlike invoeging van die voegwoord *kai* en die

"Kolosse/Kolasse", die moontlike invoeging van die voegwoord *kai* en die uitbreiding van die frases om spesifiek na Christus die Here te verwys, word die teks in huidige vorm aanvaar. Struktureel kan ons die teks as volg indeel:

***Vers 1-2*** vorm die eerste perikoop wat die senders en ontvangers aandui. Hierdie briefaanhef was tipies in Paulus se tyd. Paulus word aangedui as apostel deur die wil van God, terwyl Timoteus as broer (in die geloof) beskryf word. Reeds hier aan die begin is die klem op God wat agter die roeping van Paulus en gevolglik sy boodskap staan.

Vers 2 dui die ontvangers aan as dié wat in Kolosse is en in Jesus Christus glo; gelowige broers in Christus. Interessante semantiese betekenis kan ontsluit word indien die aanvaarde verstaan van die geloof as vertaalmoontlikheid uitgebrei word om trou en getrouheid as vertaling vir *pistis* te lees. Gelowiges word só aangedui as dié wat getrou is aan Christus. Dit maak sin dat hulle ook as heiliges aangedui word. Hulle ontvang die dubbele groet van genade en vrede van God die Vader wat aangedui word as God ons Vader. God is die oorsprong van die genade en vrede wat oor die heiliges en getroues uitgespreek word.

***Vers 3-12*** vorm 'n perikoopring wat bestaan uit twee perikope: vers 3-8 en vers 9-12. In die ring vertel die apostel dat hy vir die gelowiges bid. Ten spyte daarvan dat hierdie verwysing nie beperk is tot Kolossense nie, vertoon dit 'n besondere struktuur. In die eerste perikoop (1:3-8) brei Paulus uit op die feit *dat* hy vir die gelowiges bid. In die tweede perikoop (1:9-12) noem hy *waarvoor* hy vir hulle bid. Die rede vir die gebed word verwoord as dankbaarheid vir die gerugte wat oor die gelowiges die rondte doen.

By wyse van die opstapeling van konsepte is Paulus se dankbaarheid oor die gerugte van die geloof, liefde en hoop waarvan hy gehoor het. Die driedeling is wel bekend, maar die volgorde is interessant. In konsentriese sirkels wat al hoe verder uitkring, begin dit by die begin: geloof in (of getrouheid aan) Christus wat uitkring in onderlinge liefde vir mekaar. As oorkoepelende motivering vir geloof en liefde word die onverwelklike hoop aangedui wat die gelowiges het. 'n Hoop wat onaantasbaar en lewend is. Hulle hoop is niemand anders nie as Christus self. In Kolossense 1:23 keer die apostel terug na hierdie hoop.

Reeds in vers 5 is dit duidelik hoe belangrik die hoop is, asook hoe hierdie hoop en die etiek van die gelowiges saamhang. Die Goeie Nuus dra vrug en brei uit in Kolosse, soos elders waar dit verkondig is. Die een wat hieroor in Paulus se oor gefluister het, is Epafras, medebroer van Paulus en Timoteus, getroue dienaar van Christus in Kolosse.

Die tweede perikoop in hierdie perikoopring bou daarop voort. Paulus gee vervolgens die inhoud van sy bede vir die gelowiges. Die bede is om meer kennis van God se wil wat lei tot meer vrug en groter begrip deur die Gees. In kort, 'n lewe waardig van die Here. Hiermee saam dat dit sal lei tot versterking, uithouvermoë en geduld onder die gelowiges. Paulus se gebed is deurlopend en vorm 'n spiraal wat die klimaks bereik met dank aan die Vader. Hy bid met danksegging vir die herskepping van die gelowiges. Deur die werk van Jesus Christus is hulle is van die donker van sonde na die lig van vergifnis gebring. Hy is die bron van bevryding (die vergifnis van sonde). Opvallend is die fokus op God die Vader, regdeur die perikoop (en res van die boek). Op byna trinitariese wyse (om 'n anachronistiese verwysing te gebruik) word die verhouding tussen Vader, Christus en Gees verweef.

## *Konteks*

Naas die outeurskap het die agtergrond van die brief baie navorsing ontlok. Veral die debat rondom die sogenaamde opponente van die evangelie oorskadu die inhoud en boodskap van die brief. Vir die huidige kan lesers die kommentare raadpleeg. Dit handel uitgebreid oor die verskillende perspektiewe op die opponente. Vir ons doel is dit goedskiks moontlik dat daar nie 'n geïdentifiseerde teenpool nodig is om die inhoud te ontsluit nie. Vir gelowiges, toe en nou, bied die brief baie stof tot nadenke. Dit beteken egter nie dat ons met tydlose waarhede sonder enige onmiddellike konteks werk nie.

Kolosse was 'n stad aan die voet van die Kadmusberge. Geleë naby Hierapolis en Laodisea, bied dit waarskynlik 'n deel van die beeld in Openbaring 3 met die sneeu wat jaarin en jaaruit op die punt van die Kadmusberge te sien is. Die yskoue bergwater wat van die berg afgevloei het, is in kanale herlei tot so ver as Laodisea. Hierdie kanale is vandag nog te sien en in gebruik in en om die moderne Honaz, die

dorpie waar Kolosse was.

Kolosse het as blyplek oor tyd getaan. Geskiedskrywers beskryf dit as ′n stad in die sesde eeu voor Christus, maar ná ′n reuse-aardbewing is dit nie herstel nie. Dit het geleidelik gekrimp tot ′n dorp wat oor die jare tot niet gegaan het. Vandag is dit onder landbougrond begrawe.

Uit die hele brief is dit duidelik dat sekere brandpunte naas die boodskap oor die gelowiges se geloof, liefde en hoop aan Paulus berig is. Veral vanaf hoofstuk 2 is daar sprake van ′n appèl teen sekere gebruike en ′n oorgelewerde tradisie wat onder meer engelaanbidding, nuwe of ou filosofieë en rituele en gebruike kon behels het. Paulus se boodskap sny deur die newels van mensgemaakte godsdiens om die verhoudingskarakter van die geloof te beklemtoon. Hy plaas groot klem op die feit dat Christus se versoeningswerk genoegsaam en voldoende is. Niks hoef daaraan toegevoeg te word nie. Om die waarheid te sê, enige byvoeging is om die werk ongedaan te maak.

Die manier waarop Paulus die saak benader, herinner aan die eerste skeppingsverhale. God die Vader as agent skep opnuut en bring lewe. Sentraal in hierdie proses staan Jesus Christus, die Een in wie verlossing en nuwe heerskappy te vind is. Kennis van hierdie verlossingsboodskap word bewerk deur die Gees. Gelowiges word ingetrek in die heerlike gebeure wanneer hulle meer verstaan, meer uitleef en meer vrug dra. Hierdeur word die Drie-eenheid ′n oop sirkel waarbinne die gelowiges ′n tuiste vind. Hulle staan immers onder nuwe gesag en word as waardig die erfenis van die mense van die Lig geag.

′n Deurlopende tema in vers 3-14 is die gebed van die skrywers vir die gelowiges. Baie is al geskryf oor Paulus in die tronk. Van waarde vir ons studie is die wete dat antieke tronke nie langtermynverblyf voorsien het nie. Die doel van ′n tronk was om tot ′n besluit te kom aangaande die gevangene. Hierdie besluit het tot een van drie uitkomste (drie E-woorde in Engels) gelei: verbanning (exile), vrylating (excused) of teregstelling (execution). Gegewe die situasie, kry die woorde oor vergifnis, nuwe heerskappy en bevryding selfs meer betekenis vir skrywer en hoorder.

Die hoop wat weggebêre is in die hemel is die hoop waarmee Paulus skryf en waartoe hy oproep. Hierdie hoop is Christus (1:27) en vorm die

verbinding tussen die nou en eendag. Een manier om die hoop te verstaan, is om dit te vergelyk met die bekendmaking van ʼn kompetisie se uitkoms. Wanneer ʼn persoon die oproep kry wat sê: "Baie geluk, jy het gewen!" is die oorwinning bevestig, maar die prys of beloning is nog op pad. Op soortgelyke wyse skryf Paulus aan medegelowiges met die blye nuus: "Ons het gewen!" terwyl die beloning van die heiliges (1:12) eers in die toekoms volledig vervul word.

Gelowiges leef dus in die spanningsveld van die "alreeds" en die "nog nie". Alreeds bevry en verlos, is hulle mense wat onder nuwe heerskappy leef. God die Vader, wat hulle deur Christus Jesus gered het, het Hom oor hulle aangestel as hulle Here. As bevrydes van die donkerte en sonde is die gelowiges onderweg na die "nog nie" van die erflating van die heiliges in die koninkryk van die lig. Hierdie onderweg wees, is ʼn reis waar optrede en dus etiek saak maak. Vandaar die klem op die verkryging van kennis van God se wil, die dra van geloofsvrugte en die groei in begrip. Hierdie is deel van die uiteindelike lof aan die Vader vir sy genade en redding.

Die dank aan die Vader is vreugdevolle dank. Alles behalwe ʼn blote knik van die kop, roep tot ʼn lewe van vreugdevolle dankbaarheid. Uit onsself is dit onmoontlik. Die lewe is eenvoudig net te moeilik. Maar onder die heerskappy van Jesus Christus met die Heilige Gees wat ons lei in begrip, kan ons – soos die hoorders 2 000 jaar gelede – bekendstaan vir ons geloof, getrouheid, onderlinge liefde, geloofsvrug en goeie dade. Dan sal volharding en geduld nie vreemde konsepte wees nie, maar ons bolwerk teen die storms van die lewe.

## *Preekvoorstel*

Hoop beteken vir die meeste mense weinig meer as ʼn waarskynlikheid of kans. Wanneer ons hoop dat ons span gaan wen, dit gaan reën of dat daar ʼn verhoging in salaris kom, is daar kans vir sukses, maar ook vir mislukking. Die wiskunde is maklik. Hoe beter die kans op sukses, hoe groter die hoop, en omgekeerd.

Waar ek in Skotland bly, het talle plekname die woord "hoop" as deel daarvan. Hierdie hoop kom uit die oud-Skotse taal en verwys na ʼn

skynbare pad oor 'n koppie of heuwel wat in 'n doodloop eindig. Terwyl die reisiger dit as 'n deurpad gesien het, is die realiteit dat daar omgedraai en weer probeer moet word. Dit is dalk die rede waarom hier soos elders in die wêreld – spesifiek in Suid-Afrika – dikwels 'n gees van wanhoop heers. Terug by die wiskunde van die dag, is die waarskynlikheid vir hoër inflasie, erger siektes, meer korrupsie en 'n huis vol ander dinge, groter as die teendeel. Doen gerus 'n eksperiment deur vir almal met wie jy gesels te sê inflasie gaan daal, ons gaan langer leef en korrupsie en misdaad gaan verdwyn. As jy gelukkig is, sal hulle bloot lag. Dit is egter meer waarskynlik dat hulle sal dink en sê jy is heeltemal uit voeling met die realiteite van die dag.

Maar is die kind van God, aldus Kolossense 1, uit voeling met die werklikheid? Gelowiges is immers mense wat deur God gered is van die donker bestaan en onder nuwe bestuur en beheer geplaas: dié van sy Seun. As nuwe mense dink ons nuut, praat ons nuut en bo alles doen ons nuut. Ons het 'n nuwe woordeskat met hoop as ons vaste punt. Hierdie hoop is nie aan kans onderhewig nie. Nee, dit staan vas en is ook nie iets nie, maar Iemand: Jesus Christus.

Hierdie nuwe woordeskat word gekomplementeer deur ons geloofsdade en ons groei in die getrouheid aan Jesus se manier van lewe. Wanneer iemand oor ons lewe 'n jaarverslag sou opstel, moet dit rapporteer dat ons geloof in Jesus Christus onwrikbaar is. Hoe gebeur dit? Deur getrou aan Hom ons lewe in te rig. Naas die betekenis van geloof as vertaling van die Griekse woord *pistis*, kan dit ook as getrouheid vertaal word. Christus was getrou aan God se roeping aan Hom. Ons, as sy volgelinge, leef op soortgelyke wyse getrou aan sy roeping op ons lewe.

As brandstof vir die nuwe lewe word gebed die lewensaar wat ons in die verhouding met die Vader, Christus en Gees intrek. Op spoor van Paulus is ons gebede op ander gerig ten spyte van ons persoonlike omstandighede. Trouens, dit is dikwels eers wanneer ons wegkyk van onsself en ons behoeftes dat nuwe lig daarop skyn. Paulus bid egter baie spesifiek dat in die lewe van sy medegelowiges daar groei en ontwikkeling mag kom. Hy bid dat hulle God se wil sal ken. Interessant genoeg nié dat hulle dit sal verstaan nie, maar bloot sal weet wat dit is. Verder dat hulle tot insig en begrip sal kom deur die werking van God in

ons, deur die Heilige Gees.

Wanneer hierdie in plek val, begin die opwaartse spiraal van groei waarbinne gelowiges ʼn lewe leer lei wat die Here geval, ʼn lewe wat deur goeie werke geloofsvrug dra. Terwyl die vrugte gedy, gebeur twee wonderlike dinge. Die gelowiges neem toe in hulle kennis (verstaan) van God en hulle word innerlik versterk om te volhard en geduldig te wees. Soos wat nuwe lig op sy situasie gewerp is wanneer Paulus skryf, val daar nuwe lig op en in die lewe van gelowiges wanneer hulle hulle geloof uitleef in goeie werke. En dié nuwe lig is die lig van die Here se nuwe heerskappy waaronder hulle ingeskuif is deur die heilswerk van Jesus Christus, onder inisiatief van die Vader. Geen wonder dat die gelowiges hierdeur opgeroep word tot ʼn vreugdevolle danklied tot sy eer!

En dit is die verhaal van Hoop. Nie ʼn verhaal van miskien of dalk nie. Dit is so seker soos die oproep of berig met jou naam as wenner. En terwyl die versoeking daar is om op eg skeptiese manier dit as ʼn slenter af te maak, hoef ons maar net te kyk na Wie die bekendmaking gedoen het: God self in Christus Jesus. In Koninkrykstyd wanneer ons die werk van Heilige Gees bedink, word ons herinner aan die voortgaande woord van hoop oor Hoop vir ons lewe, wat deur die Heilige Gees diep in ons geuiter word. En wanneer ons dit hoor, kan dit nie anders as om ʼn glimlag oor ons gesig te verf en bereidwilligheid in ons are te laat bruis om dankie te sê en te doen nie. En as iemand sou vra: "Hoekom die glimlag? Hoekom die welwillendheid?" vertel hulle die verhaal van Hoop.

## *Bibliografie*

MF Bird, 2014. Colossians and Philemon. A new covenant commentary. Cambridge: Lutterworth Press; JDG Dunn, 2014. The Epistles to the Colossians and to Philemon. A commentary on the Greek text. New international Greek Testament commentary. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans; DE Garland, 2014. Colossians and Philemon: From Biblical text to contemporary life. NIV application commentary. Grand Rapids, Michigan: Zondervan; JG van der Watt, 1986. Colossians 1:3-12 Considered as an exordium. Journal of Theology for Southern Africa, 57, p 32-42; JG van der Watt, 1988. Christus is julle hoop. Die brief aan die Kolossense – ʼn semantiese redevoeringsanalise. Pretoria: NG

Kerkboekhandel; NT Wright, 2015. Colossians and Philemon. Tyndale New Testament commentaries. Lisle, Illinois: InterVarsity Press.

---